Calvinistiese aktivisme en piëtistiese mistiek – sluit hulle mekaar wedersyds uit en wat beteken dit vir Suid-Afrika vandag?

Prof Jaap Durand

2de Willie Jonker-gedenklesing, aangebied deur die NG Kerk se Ring van Kaap die Goeie Hoop, Kaapstad
19 April 2007

An English version of this lecture is also available at gfwes@adept.co.za

Wanneer ek Calvinistiese aktivisme en piëtistiese mistiek teenoor mekaar plaas, is ek nie van plan om al die ou argumente oor die meriete van die een teenoor die ander weer 'n keer op te haal nie. Ek is meer daarin geïnteresseerd dat hierdie teenoor mekaar plasing bepaalde konsekwensies inhou vir Suid-Afrika, vandag. Ons ken almal die oproep tot 'n integrale Christelike aksie op alle terreine van die lewe wat kenmerkend is van die Calvinistiese tradisie soos dit veral in die gereformeerde kerke na vore kom, met name ook in die NGK. Maar in hierdie selfde kerke kry ons vandag die klagte dat die ou entoesiasme vir Calvinistiese aksie op die sosiale terrein en in die publieke lewe plek begin maak vir 'n soort piëtistiese emigrasie na binne. Christene ontrek hulle van die publieke lewe en vind gemak en geborgenheid binne die self-afsondering van klein groepe van gelykgesindes en dikwels ook in die doksologiese verrukking van charismatiese aanbidding.

Dit is geen geheim wie binne gereformeerde kringe gesien word as die sondebok nie. Piëtistiese mistiek of selfs mistisisme wat gewoonlik vereenselwig word met 'n vorm van quietisme, is altyd gesien as 'n soort uitvlug vir Christene om nie verantwoordelikheid te neem vir wat besig is om op die sosiale en publieke terrein gebeur nie. Sodoende word meegewerk aan 'n ondermynende proses van sekularisasie.

Maar is dit 'n billike waarde-oordeel wat gevel word? Is hierdie teenoor mekaar stelling korrek? Bring dit ons enigsins verder?

Verlede jaar by 'n groepsgesprek het die probleem van 'n verdeelde kerk in Suid-Afrika aan die orde gekom. By hierdie geleentheid het ek gesê dat ons nooit tot kerklike eenheid sal kom op basis van die Bybelse eis tot eenheid alleen nie. Wat ons nodig het is 'n nuwe ideaal, 'n visie wat deur al die Christene in Suid-Afrika gedeel kan word en wat hulle tot so 'n mate sal aanspoor dat hulle sal besef dat dit nie iets is wat geïsoleerd van mekaar bereik sal word nie.

Die lede van die gespreksgroep was almal min of meer Calviniste en dit is iets wat 'n Calvinis kan verstaan. Deur die eeue is Calvinisme en Calviniste altyd beskou as mense wat hulleself gesien het as mense met 'n roeping, met 'n ideaal en 'n visie. Hulle het in gedagte die Koninkryk van God waarin elke duimbreed van die aardse lewe, in die woorde van die groot Calvinis, Abaham Kuyper, aan Christus behoort. Dit is alles baie lofwaardig. Maar dinge kan ook verskriklik verkeerd gaan. Dit gebeur wanneer Calvinistiese aktiviste verkeerdelik hulle eie doelwitte en ideale vereenselwig met die Koninkryk van God. Dit het in Suid-Afrika gebeur waar die oorlewing van die Afrikaner en sy sogenaamde sending deur baie min of meer gelykgestel is aan die Koninkryk van God. Dit gebeur ook vandag

in die VSA waar president Bush en die sogenaamde godsdienstige regses dit as hulle plig sien om demokrasie (Amerikaanse styl) na die Midde-Ooste en die lande van die wêreld te bring. Watter gemors het hierdie twee misvattings nie veroorsaak nie!

Maar hierdie misvattings maak nie die inherente dryfkrag ongeldig wat daar in die Calvinisme skuilgaan nie. Daarom moet ons vra: wat beteken ‘n nuwe ideaal en visie in terme van die Koninkryk van God vandag in Suid-Afrika? Is daar so ‘n visie waaronder alle Christene in Suid-Afrika kan verenig in die sekerheid dat dit nie net tot voordeel van bepaalde belangegroepe is nie, maar dat dit inderdaad betrekking het op die Koninkryk van God en nie op een of ander aardse koninkryk nie.

Maar nou moet ek julle ongelukkig teleurstel. Ek het nie ‘n finale antwoord op my eie vraag nie. Ek beskik nie oor die vermoë om so ‘n antwoord te gee nie en ek is ook nie ‘n teologiese toorkunstenaar om die nodige haas uit die hoed te trek nie. Ek kan maar net probeer om tentatief iets hieroor te sê. Ek kan slegs bid dat ons, tesame en verenig as die kerk van Christus, die dringende nood besef om hierop ‘n antwoord te vind, dat hierdie kerk van Christus die tekens van die tye reg sal lees sodat vasgestel kan word op watter wyse die Koninkryk van God hom moet manifesteer, vandag, hier in Suid-Afrika.

Terselfdertyd is ek daarvan oortuig dat ons hierin slegs sal slaag as ons ophou om Calvinistiese aktivisme en piëtistiese mistisisme teenoor mekaar af te speel. Kerkeenheid in Suid-Afrika (al is dit net in die sin van ‘n saamsoeke na ‘n gemeenskaplike visie) sal slegs ‘n realiteit word indien daar nie alleen ‘n diep wedersydse respek bestaan vir hierdie twee vorme van spiritualiteit nie, maar ook as besef word dat die een die ander komplimenteer. Dan eers kan die volle rykdom van die Christelike ervaringswêreld tot sy reg kom, waarsonder enige kerklike eenheid of selfs samewerking ‘n onbereikbare ideaal sal bly.

Ek is ten volle bewus daarvan dat my beklemtoning van die spiritualiteit wat ten grondslag lê van Calvinistiese aktivisme en piëtistiese mistisisme die indruk mag skep dat ek die groot saak van kerklike leerstellinge links laat lê. En ek doen dit ook. Doelbewus. Laat ons vir ‘n slag begin by dit wat die mees eksistensiële kant van ons godsdienstige lewe is om van daar af te beweeg na die meer denkmatige leerstellige kant. Miskien gaan ons verras wees met dit wat ons op hierdie roete gaan ontdek.

Wat ek vanaand gaan probeer doen, is om julle ‘n historiese perspektief op elkeen van hierdie twee temas te gee en om aan te toon, uit die geskiedenis, dat dit onjuis is om die een teen die ander sonder meer af te speel.

Laat my begin met die Calvinisme en sy leer van die predestinasie wat al so dikwels beswadder is.. Vir baie is hierdie leerstuk dié leerstuk wat by uitstek Calvinisme definieer en wat vir baie juis die mees aanstootlike deel van die Calvinistiese godsdiens is. Dit huisves, so word geglo ‘n droë, streng serebrale, en bo alles, arrogante tipe van spiritualiteit wat geboorte gee Calvinistiese aktivisme met die aanspraak dat dit die totale gemeenskap wil transformeer na aanleiding van Bybelse beginsels. Dit is hierdie arrogansie wat die Calvinistiese idee van roeping en plig informeer. Vandaar die afwykings waarvan ons in die begin gepraat het.

Wees gerus. Ek gaan nie predestinasie as ‘n leerstellige strydvraag aan julle voorhou nie, maar as ‘n saak van religieuse ervaring.

Ek is ten volle bewus van die gevare van so ‘n benadering. Deur uit te gaan van die manier waarop Calviniste die leerstuk van die predestinasie (uitverkiesing) ervaar, kan ek daarvan beskuldig word dat ek die teologiese probleme inherent aan hierdie leerstuk omseil. Maar met die oog op ‘n sinvolle diskoers ten opsigte van die toekoms van die Christendom in Suid-Afrika is my aanpak bedoel om ‘n einde te maak aan die stereotipering van mekaar.

Die gereformerde kerke het in die 17de eeu die leerstuk van die goddelike predestinasie in sy finale vorm gegiet. Dit het gebeur toe ‘n herontwaakte skolastiek na vore begin tree het. Vandaar die skewe beeld van die spiritualiteit van die Calvinisme onder buitestanders. Historiese gesproke moet ons egter teruggaan tot op die vroeë geskiedenis van die Christelike kerk om die wortels bloot te lê van die spiritualiteit waarteen ons die predestinasieleer moet verstaan.

Reg van die begin af was die vroeë kerkvaders eenstemmig in hulle oortuiging dat die inisiatief met betrekking tot die skepping, voorsienigheid en verlossing by God gelê het, maar dit was eers Augustinus wat op ‘n kragtige wyse die idee van die predestinasie in sy teologie geartikuleer het.

Daar is min twyfel dat Augustinus se idee van die predestinasie, uitverkiesing en verwerping, sy oorsprong gevind het in sy bekeringservaring. Die meeste historici is hieroor eens. In sy eie lewe het Augustinus die sonde ervaar as vernietigende realiteit, ‘n diaboliese mag wat sy hele wese deurtrek het. Hy het derhalwe tot die gevolgtrekking gekom dat die menslike staat van totale verdorwenheid dit vir hom onmoontlik maak om die pad te vermy wat onverbiddelik aanstuur op die dood en verderf as God nie ingryp en hom verlos nie. Sy Belydenisse (Confessiones) maak dit oorvloediglik duidelik dat sy visie op die totale verdorwenheid van die menslike natuur en die ingryping van God wat uitverkies tot die ewige lewe nie in die eerste plek ‘n leerstuk is wat hy onderskryf nie maar ‘n diep eksistensiële ervaring van die ongelooflike genade van God.

Hierdie eksistensiële ervaring het Augustinus egter nie daarvan weerhou om bepaalde harde logiese gevolgtrekkings te maak ten opsigte van die lot van ongelowiges nie. Hy beweer onder meer dat God sommige mense tot die ewige vervloeking gepredestineer het. Hierdie sogenaamde dubbele predestinasie het enersyds in die jare wat sou volg die ongelukkige resultaat gehad dat sommige teoloë dit die basis gemaak het van ‘n rasionele teologiese sisteem sonder die soteriologiese en ervaringsmatige konteks waarin Augustinus dit gebruik het. Andersyds kan dit nie ontken word dat die idee van ‘n dubbele predestinasie vir Augustinus die agtergrond verskaf het waarteen die aktiewe betrokkenheid van die kerk in die wêreld vorm sou aanneem nie. Ek verwys na Augustinus se Stad van God (De civitate Dei) waaraan hy van 412 tot 426 gewerk het. Die twaalf volumes van die tweede deel is ‘n lofprysing op die Koninkryk van God soos dit in stryd is met die koninkryk van Satan. Vir Augustinus word die wêreldgeskiedenis bepaal deur die stryd tussen geloof en ongeloof. Die lot van die individuele siel in verkiesing en verwerping word hier getransporteer na die vlak van die menslike geslag as geheel en die uiteindelike ontvouing van God se groot ontwerp vir sy skepping.

Hierdie majestieuse denkkonsep is misverstaan in die Middeleeue. Sommige historici, nie ten onregte nie, blameer die kruistogte op ‘n misverstane Augustinus, ‘n misverstand van die eerste rang.

Augustinus self, dink ek, sou nie hierdie roete gevolg het nie, vir die eenvoudige rede dat hy ‘n mistikus was. Sy geestelike lewe en teologiese gedagtes het nie in die eerste plek gesirkel rondom die mensdom se lotsbestemming en God se uiteindelike doelwit vir almal nie, maar dit het verborge gelê in die dieptes van ‘n lewe wat geleef is in ‘n innige verbintenis met God op pad na die visio Dei.

Nou wil ek graag met groot stelligheid beweer dat sonder die mistieke dieptes van Augustinus se teologie hy nie in staat sou wees om die Christelike denke, Protestants sowel as Rooms-Katoliek, in der mate te beïnvloed as wat hy wel gedoen het nie. Selfs sy gedagtes oor die Stad van God sou maklik in die asblik van die geskiedenis beland het daarsonder. Augustinus was Augustinus juis vanweë die mistieke dieptes van sy spiritualiteit en teologie.

Enige persoon met ‘n bietjie kennis oor die geskiedenis van die ontwikkeling van die Westerse denke sal in staat wees om jou te vertel dat Augustinus se mistisisme van die Griekse denker Plotinus afkomstig is. Die meeste kommentatore sien dit as iets negatiefs. Ek is nie daarvan so seker nie. Die vraag is nie waarvandaan dit gekom het nie, maar wat Augustinus daarvan gemaak het. Laat ek probeer verduidelik.

Mistiek as ’n religieuse verskynsel kan gekarakteriseer word as ‘n soeke na en ‘n ervaring van ‘n onmiddellike nabyheid tot God. Griekse intellektualisme wat die verstandelike gereedskap verskaf het vir die vroegste ontwikkeling van die Christelike teologie het ‘n sterk mistiese element bevat, soos dit op sy mees opvallende by Plotinus gevind word. Hierdie intellektuele mistisisme van die Neo-Platonisme tref ons aan in die denke van Origenes, Evagrius van Pontus en die ander Egiptiese hermiete in die woestyn, die sg. Woestynvaders. Die nadruk het geval op die gemeenskap van die verstandelike bewussyn met God deur kontemplasie. Selfs gebed was gesien as 'n vorm van kennis. Al is daar ‘n oneindige onkunde oor God, hierdie onkunde gaan voortdurend oor in kennis terwyl die menslike bewussyn met God kommunikeer in kontemplasie. Hierdie tipe van mistisisme kulmineer in die sesde eeu in die denke van Dionisius die Areopagiet en bly voortbestaan as ‘n spesifieke vorm van spiritualiteit tot op hede.

Augustinus egter reik uit anderkant Plotinus en breek fundamenteel met hom wanneer hy die gedagte van ‘n intellektuele gemeenskapsoefening met God ombuig in 'n mistiek van die liefde. Dit is God wat Homself bekend maak in die siel en liefde is die uiteindelike resultaat van hierdie selfbekendmaking. Die ongelooflike neerdalende liefde van God in Christus roep in ons op ‘n wederliefde vir God.

Augustinus is die inleier van ‘n Christusgesentreerde mistiek van die liefde wat soos ‘n goue draad sou loop deur die gedagtewêreld van al die groot denkers van die Christendom, soos dit veral na vore kom by Bernard van Clairvaux, die groot mistikus van die elfde eeu. Sommige Rooms-Katolieke skrywers sien hom as die “laaste van die kerkvaders” terwyl hy aanspraak kan maak op die seldsame onderskeiding dat hy hoog gewaardeer word deur beide Calvyn en die Roomse curia.

In Bernard se homilieë op die Hooglied van Salomo vind Sistersiêre teologie sy edelste uitdrukking. Gebed en liefde bly die twee pilare van sy teologie. Die genade van intieme gebed en die ervaring van die realiteite van die geloof is vir hom een en dieselfde ding. Deur gebed smaak ons die realiteit van ons eenheid met God en daarom die realiteit van

God Self. Dit word gesê van Bernard van Clairvaux dat sy wagwoord nie was soos die van Anselmus nie: “Ek glo sodat ek mag verstaan nie (credo ut intelligam), maar “Ek glo sodat ek mag ervaar” (credo ut experiar).

Bernard het Augustinus se besondere vorm van mistiek voortgedra in die eeue wat sou kom. Maar, en dit is baie belangrik vir my tema van vanaand, Bernard het sy Christosentriese mistiek nie alleen gekombineer met ‘n lewe van merkwaardige aktiwiteit ten spyte van sy brose gestel nie, maar hy was ook in staat om ander tot beweging te bring. Van adelike afkoms, in sy vroeë twintigs, maak hy ‘n dramatiese toetrede tot die geringgeskatte klooster van Citeaux. Binne enkele jare word hy ab van die nuwe Sistersiese klooster van Clairvaux. Spoedig word hierdie klooster die leierklooster in die Weste, met die ab as die mees invloedryke kerkmens van sy tyd. Hy het maar enkele kere buite sy klooster by wyse van spreke, die wêreld betree, maar die wêreld het hóm voortdurend opgesoek met die doel om hom te betrek by die sake van kerk en staat. Onder andere het sy oproep tot ‘n sobere lewe ‘n merkwaardige sosiale uitwerking gehad; te Mainz het hy ‘n Jodevervolging stopgesit en met groot moed het hy die pouslike strewe na wêreldheerskappy teengestaan. Ons kan krities wees oor sy teologiese oordeel in sommige van die aksies wat hy onderneem of laat onderneem het, maar sy gewilligheid om betrokke te raak kan niemand ontken nie. Met die verowering van Edessa deur die Turke was hy die dryfkrag agter die tweede kruistog en toe dit misluk stel die pous hom aan as hoof van ‘n nuwe kruistog. Gelukkig wou die Sistersiërs hom nie nodige verlof daarvoor gee nie.

Ongelukkig laat die tyd my nie toe om vir ‘n oomblik stil te staan by Johannes van Fidanza, die Franciskaan wat beter bekend is as Bonaventura nie. Ek moet ‘n paar eeue oorslaan om by Johannes Calvyn uit te kom. Die rede hiervoor is eenvoudig: as iemand wil praat oor predestinasie en aktivisme, spreek dit vanself dat in die eerste plek aandag gegee sal word aan Calvinisme en die teoloog wat gestalte gegee het aan hierdie geestelike beweging nie alleen binne teologiese kringe nie, maar ook op nie-teologiese terreine.

Calvyn is al geblameer vir baie dinge, selfs vir die opkoms van ‘n kapitalistiese ekonomie in die Weste. Ek wil nie hierop ingaan nie. Die een belangrike idee wat ek wil belig is die algemene opvatting, selfs ‘n bepaalde konsensus, dat Calvinisme aan die wêreld gegee het ‘n spiritualiteit van godsdienstige intellektualisme, morele engheid, ‘n rigoristiese onbuigsaamheid en bo alles ‘n streng pligsbesef wat hand in hand gaan met die oortuiging van ‘n roeping deur God: God het my geroep tot sy diens, daardeur het Hy aan my ‘n doel in die lewe gegee wat van my ‘n aktiewe deelgenoot van sy werk op aarde maak.

Die laaste deel oor God se roeping en ons doel in die lewe is sonder twyfel prysenswaardig, selfs as ons die gevaar erken van ‘n misverstane roepingsbesef soos ons in die begin van die referaat gehoor het. Maar die probleem gaan baie dieper as die moontlikheid om ‘n blote fout te maak oor wat ons sien as God se roeping. Daar is die persepsie dat ons hier te doen het met ‘n vorm van geestelike arrogansie met wortels in Calvyn se tipe van predestinasieleer. In sy genade verkies God sommiges, maar ander verwerp Hy in sy toorn. Jammer vir diegene wat nie uitverkies is nie. Die uitverkorenes moet van hulle kant hulle plig doen om God se uitverkiesing die moeite werd te maak. Die resultaat is ‘m streng spiritualiteit sonder diepte van vroomheid, sonder werklike liefde en meegevoel, ‘n intellektuele najaag van plig sonder werklike vreugde en uitbundigheid..

Ek vind dit bevreemdend dat hierdie persepsie altyd Calvyn en sy teologie in fokus bring, terwyl Augustinus die groot guru van die Westerse Christendom van wie Calvyn sy idee van ‘n dubbele predestinasie gekry het, aan hierdie oordeel ontsnap. Augustinus word in die eerste plek onthou vir ‘n teologie wat sy oorsprong vind in ‘n diep vroomheid en mistieke dieptes. Enige poging om Augustinus te beskuldig van die dinge waarvoor Calvyn geblameer word, is tot ‘n mislukking gedoem.

Maar daar is ‘n geestelike kant aan Calvyn wat nie altyd goed gedokumenteer is nie en wat weinig historici werklik van bewus is. Sover ek weet was daar weinig van die aktiewe en invloedryke bevrydingsteoloë van die laaste dekades van die 20ste eeu wat werklik hiervan bewus was, ander sou hulle sekerlik meer daarvan gebruik gemaak het.

Dit sou vreemd klink om te sê dat Calvyn ‘n mistikus was. Laat ons daarom liewer sê dat Calvyn nie weggevlug het van die mistiek af nie. Calvyn se vertroue op die almag van God as die fondament van die mens se verlossing en sy aandrang op die betroubaarheid van God se beloftes in hierdie verband is nie, wat hom betref, iets wat met die intellek afgelei en bewys kan word nie; slegs die geloof kan dit ervaar. Geloof en ervaring is onlosmaaklik met mekaar verbind. In die taal van sy Institusie is dit ‘n soetheid wat ons werklik voel en ervaar in onsself. Dit is ‘n welbekende feit dat Calvyn in sy beroemde brief aan Kardinaal Sadoleto sy uiterse terughoudenheid om oor homself te praat te kenne gegee het. Nogtans, in sy Kommentaar op die Psalms ontdek ons sy merkwaardige getuienis dat Hy in die reformasie van die kerk in die Psalms sy eie ervaring herken het en dat hy hier die ware betekenis van gebed ontdek het.

In 1535 skryf Calvyn ‘n voorwoord tot die Franse vertaling van die Bybel deur Pierre Robert Olivétan. Sowel die inhoud van hierdie voorwoord as die tyd waarin dit geskryf is, vertel ons van ‘n persoon van vlees en bloed wat leef in ‘n historiese konteks wat hom persoonlikraak op die mees eksisternsiële wyse denkbaar. In die voorwoord verwys Calvyn na die bevryding van Israel uit Egipte en dan volg ‘n besondere openbarende sin waarin hy sê dat God die kinders van Israel dag en nag vergesel het in hulle vlug, teenwoordig onder hulle as self ‘n vlugteling. Die besondere betekenis van hierdie sin word duidelik as ons kyk na die tyd en omstandighede waarin dit geskryf is. Dit was ‘n tyd van vervolging wat die ballingskap van die jong Fransman tot gevolg gehad het. Saam met ‘n stroom van vlugtelinge vestig hy hom in Switserland waar hy die voorwoord skryf. Self ‘n vlugteling en te midde van vervolging ontdek Calvyn God Self as die eerste Vlugteling, teenwoordig onder sy vlugtende kinders. As dit nie mistieke teologie is nie, dan weet ek nie wat mistiek is nie.

Dit verwonder ons daarom nie dat Calvyn die leerstuk van die predestinasie nie behandel as deel van die leerstuk oor God en die almag van God soos latere ortodokse teoloë na Calvyn sou doen nie. Calvyn behandel dit binne ‘n soteriologiese verband. Vir hom het dir predestinasie te doen met God se orde van verlossing (*potentia ordinata*) en nie met die orde van God se absolute mag (*potentia absoluta*) nie.

Dit is belangrik dat ons die tipe spiritualiteit sal herken wat onderliggend is aan die idee van uitverkiesende genade. Die predestinasiegedagte is ‘n verbasende innerlike leerstuk. As dit ernstig geneem word gee dit aan die gelowige se lewe en godsdienstige ervaring ‘n onderskragende sekerheid wat geen ander leerstuk kan bied nie. Ten spyte daarvan dat die konsep van predestinasie die individu intrek bine die sfeer van ‘n verborge God, is

daar in sy of haar ervaring ‘n onmiddellikheid tot God wat alle moontlikhede van beskrywing te bowe gaan.

Ongelukkig het die ortodoksie van die 17de eeu (insluitende die Puritanisme) nie altyd getrou gebly aan hierdie soteriologiese gesentreerdheid van die leerstuk nie. Sodoende is dit beroof van sy ware geestelike katrakter as ‘n innerlike, nederige viering van God se verbasende genade en is dit verhef tot die sluitstuk van ‘n intellektuele sisteem wat dit so afstootlik gemaak het vir baie Christene, insluitende die Armeniane (Methodiste) en in die kringe van baie piëtiste. Dit word gesê, en nie sonder meer onregmatig nie dat die Armeniane die Calvinistiese denke rondom die uitverkiesing sien as ‘n onaanvaarbare, streng en onbuigsame, selfs arrogante intellektuele sisteem, maar wanneer hulle op hulle knieë gaan, weet hulle sonder twyfel dat hul Christelike geloof begin en eindig met die oorrompelende ervaring van God se genade. Dieselfde geld Rooms-Katolieke gelowiges, ten spyte van die feit dat sommige van hul Protestantste medegelowiges geneig is om hulle as semi-pelagianiste te sien.

Ek is volledig bewus daarvan dat ek myself hier in ‘n teologiese mynveld bevind. Maar die eintlike punt wat ek wil maak is dat Christene van verskillende oortuigings dikwels baie suspisieus is oor mekaar se spiritualiteite. Hulle bedek hul suspisies met soveel leerstellige argumente dat hulle hopeloos daarin misluk om die gemeenskaplikheid van hulle godsdienstige ervarings raak te sien. Dit was so reg van die begin af en dit sal met ons wees tot op die dag van die vervulling wanneer ons meer, alhoewel nooit ten volle nie, sal besef hoe verbasend God se genade werklik is.

Calvinistiese aktivisme inderdaad! Daar is weinig ander Christelike religieuse wêreldbeskouings met dieselfde byna oorrompelende gevoel van doelgerigtheid en die stel van doelwitte waarsonder die Christelike geloof sy impak op die gemeenskap verloor. Maar daar is ook weinig ander wat so arrogant en verkeerd gerig kan word indien dit nie in toom gehou word deur ‘n diep geestelike en nederige piëteit nie. Dit kan maklik so serebraal en streng word dat in die proses vergeet word wat dit beteken om God se genade gewoon te vier.

‘n Piëtistiese vierende mistiek kan weer ‘n baie magtige geestelike krag word indien die ontdekking gemaak word dat die “redding van siele”, alhoewel die belangrikste, maar nog net één deel is van die koms van God se koninkryk in die wêreld. Hierdie geestelike krag moet gerig word op die baie breëre raamwerk van God se koninkryk en die weg waarlangs tekens van hierdie koninkryk in staat en samelewing opgerig kan word.

Ek wil graag beklemtoon dat die koninkryk van God nie ‘n soort algemene en amorfe idee is oor wat die wil van God op die publieke terrein beteken nie. Daar is tye in die geskiedenis dat die koninkryk van God homself manifesteer, of homself behoort te manifesteer, op ‘n baie besondere wyse, dan wanneer ons voor ‘n oomblik van waarheid te staan gekom het.
Twee honderd jaar gelede het die kerk van Christus voor so ‘n oomblik van waarheid te staan gekom waarin die koninkryk van God homself onomwonde wou manifesteer: die afskaffing van slawerny in die Westerse wêreld. Na baie eeue het die Christene finaal en met groot helderheid besef dat knegskap en slawerny die hart van die evangelie weerspreek. In die suidelike state van Amerika het dit nog ongeveer 60 jaar gevat vir hierdie besef om deur te dring, maar ook daar is uiteindelik ‘n teken van die koninkryk opgerig en vandag kan ook ons die lied “Amazing Grace” sing, geskryf en gekomponeer

deur ‘n slawe-eienaar wat die oomblik van waarheid herken het toe hy daarmee gekonfronteer is. Ongelukkig het die slawebevryding eers gebeur na ‘n bittere burgeroorlog, omdat baie nie hierdie oomblik van waarheid herken het toe dit hom aangemeld het nie.

Ook in Suid-Afrika, en met name in die familie van NG Kerke, het baie Christene ook hulle oomblik van waarheid beleef. Ek verwys in hierdie verband na die Belydenis van Belhar en in besonder na seksie 4 waar gesê word dat God op ‘n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat die kerk as eiendom van God moet staan waar Hy staan, naamlik teen die ongeregtigheid en by die verontregtes

Ek het min twyfel daaroor dat hierdie diep evangeliese sentiment sy oorsprong het in bevrydingsteologie se ontdekking van ‘n lank verwaarloosde outentieke Bybelse tema. Maar wat daarvan? Calvyn, die veronregte vlugteling, sou die Bybelsheid daarvan sonder meer raakgesien het.

In die begin van my lesing het gesê dat ons ‘n nuwe ideaal, ‘n nuwe visie nodig het wat deur Christene van alle groepe en denominasies in Suid-Afrika gedeel word. Ek is nie verwaand genoeg om vir julle vanaand te vertel wat hierdie ideaal en visie behoort te wees nie. Ek glo egter dat as ons as Christene van enige betekenis vandag in Suid-Afrika wil wees en ons eie oomblik van waarheid wil ontdek, ons saam daarna op soek moet gaan. Dit sal alleen kan gebeur as daar ‘n samevloeiing kan plaasvind van die twee groot spiritualiteite wat vandag die kerklike lewe domineer. Dit sou beteken dat ons die groot kloof wat daar tussen baie kerke en soms binne dieselfde kerk is, sal moet oorsteek, veral die kloof wat daar tussen die wit-oorheersde en swart-oorheersde kerke bestaan. Dit is tog geen geheim nie dat die vierende mistieke spiritualiteit sterker leef in die swart kerke as in die meer serebrale kerke van wit Europese oorsprong.

Die geskiedenis van 21 eeue vertel vir ons dat beide hierdie twee spiritualiteite eg Christelik is, dat daar tussen die twee ‘n groter gemeenskaplikheid is as wat ons vermoed en dat die twee saam ‘n geestelike mag kan vorm wat Suid-Afrika se aanskyn grondig kan verander.

Kopiereg: Jaap Durand